Tema: Die land van die lewendes
(Drie-eenheid Sondag)
Teks: 2 Korintiërs 13:5-13

Ek dink ons almal was al aan die ontvangkant (of die gee-kant!) van baie goedbedoelde pogings om die Drie-enige God te verduidelik: “O, wel, die Drie-eenheid is soos water! Jy weet, vloeistof, stoom en ys? Drie fases, een entiteit!” Of: "Dink aan 'n boom! Die wortels, die stam en die takke. Drie dele, een boom.” Of 'n eier. Die dop, die eierwit en die eiergeel.

Al hierdie analogieë – hoe mooi ookal - skiet tekort, en nie een van hulle spreek die dieper vraag aan nie: Waarom moet ons omgee nie? Watter verskil maak die drie-in-een?

Wel, miskien om mee te begin, het ons die Drie-eenheid nodig om ons 'n les in nederigheid te leer. In ons verdeelde en gepolariseerde wêreld, waar godsdiens so dikwels as 'n wapen ingespan word, is dit maklik om te dink dat ons die monopolie op God het. Dit is maklik om selfvoldaan te word, en te aanvaar dat ons geloofsartikulasie, ons denominasie en ons aanbiddingspraktyke die ‘beste’ weergawe is van wie God is en wat God begeer. Een ding wat die Drie-eenheid in sy baie kompleksiteit doen, is om hierdie aanname uit te daag. Die waarheid oor God sal ons altyd oortref. Alhoewel die waarheid van God ons versorg en vertroos, sal dit ons altyd ook konfronteer, ontstel en aanhoudende herskep.

Woorde kan hul krag verloor
Ons ken van inflasie! Dit raak ons sakke en die effek daarvan duik gereeld op in gesprekke. En ek wonder of daar nie ook ‘n ander soort inflasie is wat ons behoort te monitor nie. En ek dink ons moet nog dieper hieroor sug – en dis Woord-inflasie! Woorde wat vir ons elkeen baie betekenis gehad het, verloor soms hul waarde – en hierdie woorde verskil van persoon tot persoon. Soos die manier hoe ons groet: “Ok bye!” Dit is afkomstig van Good BYE, en eintlik staan vir *God Be With You*...

In Paulus se tyd was groet nogal ‘n groot ding. Behalwe vir die feit dat hy hierdie brief afsluit met ‘n baie betekenisvolle seëngroet, dring hy ook daarop aan by die mense dat hulle moet moeite doen met die hele gegroetery. Hy sê selfs hulle moet mekaar soengroet!

En miskien as ons iets wil verstaan van die mag van ‘n seën-woord, moet ons praat oor die teenoorgestelde daarvan – ‘n vloekwoord. Dink bietjie aan hoe dit voel, watter emosies losgemaak word wanneer iemand iets kwetsend teenoor jou sê, of jou in die publiek verneder met woorde.

En ek dink daarom het goeie wense/goeie groetewoorde net soveel krag – na die positiewe kant. Dis dalk hoekom Paulus hierdie brief stuur, want die verhouding tussen hom en die gemeente het so bietjie versuur...En woorde is by magte om brue oor diep klowe van verskille en agterdog te bou, en genesing te bring.

So waaroor gaan hierdie seëngroet?
Oor die Drie-Enige God. Dis nie net drie goeie wense nie; dis die diepte van ons geloof: GOD wat in sy volheid in ons woon. En dit is meer as mooi woorde. Die krag hiervan lê in die ervaring van God se nabyheid hier en nou.

Boedelende: Dit is soos die storie van die 5 jarige dogtertjie wat by haar ouma in die bed gaan inkruip, en voor haar vrome ouma 'n woord kan uiter, sê die dogterjie: *"Ouma, kom ons los vanoggend bietjie die God-geselsies. Ek glo God is oral. Kom ons geniet net die tydjie saam."* Ek dink wat sy hier sê is dat die lewe en betekenis soms uit woorde 'lek' wanneer ons taal onpersoonlik gebruik, wanneer ons begrippe oor God rondgooi sonder om die persoon met wie ons praat raak te sien, en raak te hoor. Veral woorde soos die Vader, Jesus Christus en Heilige Gees... Dan bly ons oor met God-praatjies – God-geselsies oor God sonder God. En God is soveel meer en nooi ons uit tot 'n lewe saam met Hom hier en nou.

Dis soos die Psalmdigter dit noem in Psalm 116:9 "Ek mag *leef* in die
teenwoordigheid van die Here,
in die land van die lewendes."

Ons bevind ons in die land van die lewendes, op reis saam met 'n veelkantige, krieatiewe Drie-enige God! Dit gebeur te maklik dat God op 'n kliniese wyse soos 'n lyk gedissekteer word en in klein stukkies veilig gepreserveer word. Al wat dan oorbly is GOD-praatjies...

Soos TS Eliot dit beskryf:
Knowledge of speech, but not of silence;
Knowledge of words, and ignorance of the (living) Word.
Where is the Life we have lost in living?

Kyk in die spieël!
As die idee van God as beide Drie en Een vergesog en onduidelik lyk, kyk bietjie in die spieël. Daar is (a) die innerlike lewe wat net aan jouself en diegene wat jy kies om dit aan (die Vader) te kommunikeer, bekend is. Daar is (b) die sigbare gesig, wat in 'n mate daardie innerlike lewe (die Seun) weerspieël. En daar is (c) die onsigbare krag wat jy het wat jou in staat stel om daardie innerlike lewe op so 'n manier te kommunikeer dat ander nie net daarvan weet nie, maar dit weet in die sin dat dit deel word van wie hulle is (die Heilige Gees). Tog is dit waarna jy in die spieël kyk, duidelik en ondeelbaar die een en enigste jy. In die land van die lewendes is beliggaam ek en jy die lewende teenwoordigheid van die Drie-Enige God (Frederick Buechner).

God raak sigbaar deur genade, liefde en gemeenskap.

1) **Genade** (van die Jesus Christus)

Geen woord roep soveel gevoel by my op as dit nie. Dit is 'n geskenk; dit is aanvaarding, vervulling en vreugde. Paulus se groete-woord vat eintlik die hele evangelie saam. Spiro Sodiakis – "Grace is the absolutely free expression of the love of God finding its only motive in the bounty and benevolence of God"

2) **Liefde** van God (die Vader)

God = opofferende liefde. Die Drie-eenheid is 'n uitdrukking van diepe, onwankelbare en lewegewende liefde tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die verhouding tussen die persone van die Godheid is nie 'n verhouding van oorheersing, mag, manipulasie of jaloesie nie. Dit is 'n verhouding van onselfsugtige, opofferende liefde. Wat die vraag laat ontstaan: as God se wese in liefde gegrond is, en ons is na God se beeld geskape, wie is ons dan? Wat is ons? Is liefde waarvoor ons bekend is? Indien nie, wat doen ons dan met ons lewens?

3) **Gemeenskap** van die Heilige Gees
Dit is een ding om te sê dat God gemeenskap waardeer. Of dat God dink gemeenskap is goed vir ons. Dit is heeltemal iets anders om te sê dat God *gemeenskaplik* is. Dat God verhouding, intimiteit en verbintenis is. Wanneer God die Seun gedoop word, daal God die Gees in die vorm van 'n duif neer, en God die Vader maak die hemele oop uit vreugde. Die Gees van God dryf die Seun van God die woestyn in, vir 'n tyd van voorbereiding. In die tuin van Getsemane roep die Seun van God na die Vader om hulp en vertroosting.

As God interaktief is - as Drie die diepste aard van die Een is - wat doen ons dan wanneer ons onsself van mekaar *isoleer*? Wanneer ons besluit om alleen die lewe aan te pak, en onafhanklikheid bo vriendskap stel? Wanneer ons ons individuele “regte” prioritiseer bo ons sorg en besorgdheid oor die kwesbaarstes onder ons? As die Drie-eenheid werklik meer as 'n stowwerige leerstelling is en dit presies waarvoor die vroeë Kerk geveg het, dan durf ons nie die krag van die gemeenskap van die Heilige Gees ligtelik opneem nie. God is verhouding, en dit is in verhouding - met God, onsself, mekaar en die wêreld - wat ons God se natuur ervaar en beliggaam.

So watter verskil maak die drie-in-een?
Waarom moet ons omgee nie? In die land van die lewendes verkry ons taal sy betekenis op grond van hoe ons lééf. Volgelinge van die Drie-Enige God praat ‘vreemde’ taal in hierdie Godslandskap. Ons noem mekaar iets half absurd: broers en susters. Ons almal. Alles wat asemhaal en oogkontak maak. Mag ons God in sy volheid uitstal in hoe ons leef.

We are not called to be philanthropists or social workers, but brothers and sisters. We are called into relationship, even when that relationship is unlikely, momentary, or sad. We are called to look at each other and see Christ, who promises to be there where our eyes meet, and in that glance to teach us something we need to know.”
- Barbara Brown Taylor.